


## BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

**BESTE FONTIES**

Van julle ken my dalk al teen hierdie tyd, maar vir diegene wat my nie ken nie: Aangename kennis!

My naam is Leani Smith en ek is ŉ tweedejaarstudent in BA (Kommunikasie en Joernalistiek). Ek was verlede jaar ook deel van die Fontiepos-redaksiespan as nuusredakteur. Danksy dié ondervinding kan ek vanjaar met trots die pos as redakteur volstaan. Ek het wel groot skoene om te vul, maar sien kans daarvoor, danksy die goeie voorbeeld wat ons vorige redakteur, Elisma van der Watt, gestel het.

Ek is baie opgewonde oor die nuwe termyn van die Fontiepos en sien daarna uit om saam met my span nog baie studentestories met julle te deel. Ons span het vanjaar amper verdriedubbel, en ons spog nou met ŉ redaksie wat uit 11 studente bestaan!

Saam sal ons poog om hierdie jaar die Fontiepos se naam nog groter en verder uit te dra en elke maand topgehalte inhoud met julle te deel. Ons wil die Fontiepos ŉ mag-nie-misloop-toevoeging tot Akademia se studente-ervaring maak en glo dat ons dit met julle ondersteuning kan regkry.

Ek is oorgehaal om hierdie termyn as redakteur te dien en hoop dat julle net so baie uitsien na elke nuwe uitgawe van die Fontiepos wat voorlê!


*Groete*
**LEANI SMITH**

STUDENT WERF STUDENT

## Vir elke student wat jy verwys en wat by Akademia registreer, ontvang jy R250!

Dus, hoe meer jy verwys, hoe groter word jou beloning.

**STUDIEAANSOEKE VIR 2024 OPEN OP 3 APRIL 2023.**

**KLIK HIER** Bepalings en voorwaardes geld.

AKADEMIA *et al.*
KORTKURSUSSE GERIG OP INSIG EN PRAKTYK

**VOORDELE VIR #FONTIES**

## Daar is ŉ 20%-afslag op alle Akademia et al. -kursusse vir Akademia-studente.

Gebruik die kode 'AkaStud' om jou afslag te gebruik.

**KLIK HIER**



## Loopbaansentrum

Internskappe, poste, werksvoorbereiding en loopbaanadvies

*Kry solank ŉ voet in die deur en skop jou loopbaanreis hier af!*

**KLIK HIER**

## FONTIEFLATER

Fontie het nou die dag by die spreekkamer op die skaal geklim. Die dokter het net kop geskud. Fontie het toe besluit dat dit maar al die kennis is wat in 'n kort tydjie ingeprop moes word vir die semestertoetse sowel as, nou ja, Sowel As. Fontie weet selfbeheersing is deel van 'n suksesvolle student se mondering, maar hoe sê 'n mens nou nee vir die kaaskoek en brownies? (Fontie reken die brownies is wel 'n lekker manier om punte by jou meisie of ou probeer te probeer score.)

Tuis. Wys. Koffiehuis. Fontie voel al baie tuis daar en het sommer ook wys gevoel toe hy 'n paar ekstra kruisies op sy lojaliteitskaartjie met 'n pen getrek het - ná tien koppies koffie kry 'n mens mos enetjie gratis. Dit is nie Fontie se skuld dat hulle nie 'n stempel gebruik het nie. Maar daardie tannie Leah is so kwaai en het vir Fontie mooi sy fortuin vertel en al wys wat Fontie uit die oefening gekry het, is toe Fontie die deur gewys is. Dit is nou weer tyd vir brownie-punte... Jammer, Tannie!

Laat weet gerus vir Fontie van die nuus agter die nuus sodat ons almal tussen die lyne mag lees. Deel jou bydrae tot Fontieflater hier.

## SO SÊ ŉ NAUURSE AFSTANDSTUDENT

**"As nauurse afstandstudent by Akademia geniet ek as 't ware die beste van twee wêrelde en kan ek my daarop toespits om ŉ goeie balans te handhaaf."**

– **YVONNE ROBSON,** BCom (Ondernemingsbestuur)-student

Stuur enige voorstelle vir nauurse aksies hier

## FONTIENUUS



Kom maak jou tuis in die onderwys

Onderwys is soveel meer as net nog ŉ beroep. Dit is ŉ roeping. ŉ Hartsaak.

**LEES MEER HIER.**



Fotografieklub skud vere reg vir nuwe jaar

Lede van die studentebemarkingskomitee se fotografieklub is op ŉ missie om seker te maak dat alle bemarkingsaksie-oomblikke vir Fonties vasgevang word.

**LEES MEER HIER.**




Vyf vinnige feite oor Akademia-personeel

In hierdie uitgawe leer ons Nolo Chaba, Lucky Tladi Mahlatse en een van ons nuwe dosente, André Gouws, beter ken.

**LEES MEER HIER.**



Fonties hou ŉ suksesvolle draaibraai

As daar nou een ding is waarvan Fonties hou, is dit om ŉ vleisie te braai en om in die rondte te draai (te dans). Voeg hierby goeie geselskap en jy het die resep vir ŉ perfekte studenteaksie.

**LEES MEER HIER.**



Kantanoó-klub bereik nuwe hoogtes

Die Kantanoó-klub gaan in 2023 nuwe hoogtes bereik, en as jy hul eerste aksie in ag neem, is hulle goed op pad om dié doelwit te bereik.

**LEES MEER HIER.**



Akademia-koor leer mekaar kamp-kamp ken

Die Akademia-koor sing nie net soos nagtegale nie, hulle is ook kampeerders van formaat!

**LEES MEER HIER.**



Bekendes in die media deel kennis en ervaring by Akademia-simposium

Die Departement van Kommunikasie en Joernalistiek het op Donderdag 13 April die eerste joernalistieksimposium aangebied.

**LEES MEER HIER.**



Geen ouderdomsbeperking vir Akademia-student se onderwysdrome nie
Anneré Koen is ŉ 34-jarige BEd (Grondslagfase-onderwys)-eerstejaarstudent by Akademia.

**LEES MEER HIER.**



Flip Buys en prof. Danie Goosen: Legendes in ons leeftyd

Gedurende die afgelope twee maande het ons die geleentheid gehad om twee pioniers van Akademia se verjaarsdae te vier.

**LEES MEER HIER.**



Kunsmatige intelligensie en ChatGPT – Die toekoms is hier

ChatGPT, die taalmodel wat deur OpenAI ontwikkel is (wat ook bekendstaan as ŉ kletsbot), is tans een van die bekendste en mees belowende KI-tegnologieë beskikbaar vir menslike gebruik.

**LEES MEER HIER.**



Finansiële bedagsaamheid: ja of nee?

Hoe gemaak as julle as ŉ groep vriende byvoorbeeld by ŉ restaurant gaan kuier? Verdeel julle die rekening, of betaal elkeen sy eie maaltyd?

**LEES MEER HIER.**



Fonties se algemene kennis word getoets tydens Noot vir Noot-kompetisie

Dié gewilde vasvra-kompetisie toets nie net Fonties se musiek- en algemene kennis nie, maar bevorder ook goeie spangees en die smee van nuwe vriendskappe.

**LEES MEER HIER.**

## Dit is musiek in ons ore!

Vir alle musiek wat nuut, warm, lekker en Afrikaans is

**LUISTER HIER NA DIE FONTIES SE TOPTIENMUSIEKLYS**






Kry jou Akademia-kouse vandag nog op Die Winkel teen slegs R105

**KLIK HIER**